## Volstruis
## -- volstrek vol streke!

**Hy's 'n koddige voël, skoon anders as enige ander geveerde dier. Maar die omgesukkelde volstruis het oorgenoeg rede om sy kop hoog te hou...**

**AS die donkie 'n wonderlike ding is, is die volstruis 'n nóg wonderliker voël! Hy is die grootste voël wat vandag op die aarde leef, hoewel groter soorte, soos die Nieu-Seelandse moa, maar betreklik onlangs eers uitgesterf het.**

**Die volstruis kan nie vlieg nie en verskil van alle ander voëls deurdat hy net twee tone aan elke poot het.**

**Hy's ook 'n voël wat 'n bars kan kyk. Daar word vertel dat hy 'n vyand tien kilometer ver kan gewaar. Hy sal nietemin vlug van enigiets wat hom bedreig, maar moenie jou geluk te ver met die volstruis beproef nie. As hy in 'n hoek gedryf word, sal hy sy aanvaller se ingewande met 'n regte volstruisskop uitruk.**

**Een ou gelofie omtrent die volstruis is darem niks anders as 'n onbillike wolhaarstorie nie. Pleks van sy kop in die sand te druk, soos die Romeinse natuurkundige Plinius die Ouere geglo het, is hy 'n bobaas-kamoefleerder.**

**Met sy kop en nek plat om die grond, maak hy sy lyf rond soos 'n bal, sodat hy nes 'n bossie, rots of miershoop lyk.**

**Boonop sorg die volstruis vir 'n menigte baie nuttige produkte -- van biltong tot verestoffers -- wat hierdie koddige voël oorgenoeg rede gee om ook spreekwoordelik sy kop hoog te hou. Omtrent niks gaan verlore wanneer 'n volstruis geslag word nie.**

**Nog 'n aardigheid van volstruise is hul eiers. Dit gaan maar bars as jy 'n volstruiskuiken is en uit jou dop moet kruip om die wêreld aan te durf. Volstruiseiers is naamlik klipsteenhard en kan glo tot 250 kg weerstaan. Maar dan is 'n baba-volstruis mos darem ook nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie!**

**Al moet die klein *Struthio camelus* spartel dat dit kraak om uit die ekwivalent van 24 hoendereiers te kom, is hy 'n moedige kalant en heel kapabel met sy snawel. Kort voor lank is hy dan ook 'n volwaardige volstruis -- nog nat agter die ore, maar reeds so groot soos 'n hoender.**

**Volstruisies kom in broeisels van vyf tot 'n dosyn of meer voor. 'n Wyfie**

**kan elke dag of twee 'n eier lê, maar nadat sy omtrent vyftien gelê het, hou sy op en begin broei. Volstruisboere fop gevolglik die voël deur sekere van haar eiers weg te gaps. Wyfies waarvan die eiers gereeld weggeneem word, kan tot tagtig eiers in 'n seisoen lê.**

**Die ekstra volstruiseiers kan dan in broeimasjiene geplaas word -- kunsmatige ma's wat die liggaamstemperatuur van broeis volstruise naboots. In die broeikas word die eiers selfs gereeld omgerol soos in die natuur, wat keer dat die embrio's binne aan die doppe vassit.**

**Die broeityd by volstruise is 42 dae, twee keer so lank as by hoenders. Eiers word in 'n groot sandholte gelê, waar Ma hul bedags warm hou, terwyl Pa snags die broeiwerk behartig.**

**Die volstruise broei nie altyd net op hul eie eiers nie, maar ook op ander wyfies s'n wat goedsmoeds hul toekomstige spruite in dieselfde nes kom deponeer het. Maar as daar te veel eiers in 'n nes is, stoot die groot voëls die oortolliges na die buiterand van die nes waar die kans om te oorleef maar baie skraal is.**

**Ons het hierbo geïmpliseer dat volstruiskuikens taai is, maar in der waarheid vrek baie van hulle sommer so vroeg-vroeg.**

**Volstruise is Afrika-voëls en vir Suid-Afrikaners veral sinoniem met die wêreld rondom Oudtshoorn. Hulle is vroeër ook in die Midde-Ooste gevind, maar dit lyk nie of daar vandag nog êrens enige inheemse volstruise tussen die Arabiere is nie.**

**Met hul lang nekke, klein koppies, groot oë en kort, breë snawels, staan volstruise omtrent 2,4 meter hoog in hul skurwe sokkies. Hulle kan tot sowat 135 kg weeg. Die twee tone aan elke poot eindig in dik naels.**

**Die klein vlerke word uitgesprei wanneer hulle ooplê oor die veld -- met 'n snelheid van tot 65 km/h.**

**Die spoggerige volstruismannetjies het meestal swart vere met wit pluime aan die vlerke en stert, maar die wyfies is bra vaal met hul grysbruin vere. Dis slegs die mannetjies se vere wat gebruik word.**

**Die aflos-broeiery van die mannetjies en wyfies hou verband met hul verskilende kleure vere. Die mannetjie, met sy swart vere wat met die nag saamsmelt, broei van laat in die middag af tot die volgende môre. Die wyfie broei bedags, omdat haar vere weer soos die grond om haar lyk.**

**Een ontleding het ook getoon dat die mannetjies dikker velle as die wyfies het. Die gemiddelde dikte met die ontleding was 0,93 mm vir mannetjies teenoor 0,82 mm vir wyfies.**

Volstruise vreet meestal plantlote, blare, blomme en saad, hoewel hulle akkedisse en skilpadjies (of wat ook al) sal vreet as hulle dit in die hande kry.

Soos alle voëls het hulle geen tande nie. Hulle sluk dus baie klippe in om hul spysvertering aan te help. Wanneer dié klippe, wat maagstene of gastroliete genoem word, glad en rond raak, bring die volstruis hulle op.

Volstruise in gevangenskap sluk allerhande goed in -- kameras, filmspoele, halssnoere, sakdoeke, penne, potlode, naelknippers, horlosies...

Daar is al selfs gesien hoe een ’n liter-koeldrankbottel deur sy slanke keelgat laat verdwyn het!

Waarvoor is volstruise die heel bangste? Miskien, glo dit, ’n helikopter! Daar word vertel dat hulle skoon histeries raak vir só ’n gevaarte in die lug, wat daarop kan dui dat daar in hul oerverlede ’n vlieënde roofvyand kon gewees het wat hulle gejag het.

Maar gelukkig vir die volstruis is sy sig baie skerp. Daarbenewens het geen landdier sulke groot oë as hy nie. En die dik ooghare is opvallend.

Die mannetjie se stem klink soos ’n diep gegrom -- eienaardig genoeg nogal soos dié van ’n leeu!

En dan is die mannetjies ook nog veelwywers. Hulle sal met drie of vier wyfies ronddool, of in groepe van vier of vyf mannetjies met hul maats en kleintjies.

Volstruis-geskiedenis

• DIE volstruisbedryf in Suid-Afrika het al 'n ongekende bloeitydperk, maar ook veelbewoë dae beleef. Ons land se voëls is reeds van vroeg af om hul pluime vir die Europese mark gejag. Teen 1860 was daar so min van hulle oor dat etlike boere hulle probeer mak maak het.

Sover bekend is die eerste volstruise in 1853 vir temming ingekamp. In 1865 was daar reeds tagtig volstruise op plase en is byna 8000 kilogram vere ter waarde van £65 736 uitgevoer. (Vanweë inflasie is dit niksseggend om die ponde van destyds tot vandag se rande te probeer omreken, maar dit was groot geld).

Daarna het die bedryf vinnig ontwikkel. Dit was in die Oos-Kaap gekonsentreer en in die omgewing van Graaff-Reinet. Groot winste is gemaak en tot £1000 is vir 'n paar teelvolstruise betaal.

Die eerste groot oplewing in die volstruismark was tussen 1880 en omstreeks 1885. Dit is gevolg deur 'n selfs groter oplewing van 1910 tot 1913 toe vere van sowat £3 000 000 van 746 736 volstruise (feitlik almal

**in die destydse Kaapland) uitgevoer is.**

**Toe die Eerste Wêreldoorlog uitbreek, het die mark ineengestort en die bedryf het daarna nooit heeltemal herstel nie. Die meeste van die voëls is vir volstruisleer geslag pleks daarvan om hul vere te verkoop.**

**Vandag is die volstruise van veral die distrik Oudtshoorn 'n kuriositeit en word toeriste by volstruisplase herinner aan die vergange era van die skatryk volstruisveer-baronne.**

**Die plaaslike volstruisbedryf beweeg ook moedig voort, al het dit sedert die jare tagtig te kampe met kommerwekkende mededinging -- uit ander lande waar boere Suid-Afrikaanse volstruise bekom het.**

**Met die Suid-Afrikaanse houvas op die wêreldmark vir volstruisprodukte onder druk, word egter gekyk of die anderlanders werklik op die lang duur die mas sal kan opkom met ons sensitiewe voëls wat soveel intensiewe bestuur verg.**

---

**Terug na inhoudsblad -- klik hier**

---